higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3

(3011023)

22 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 11 bladsye.

244Q1N2322

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die langste reeks aktiwiteite wat nie parallel uitgevoer kan word nie, maar wat bepaal hoe ’n projek vinniger afgehandel kan word.

A Produklewensvaardigheid
B Gantt-grafiek
C Kritieke pad-ontleding
D Lang metode

1.1.2 Die ekonomiese stelsel wat die vrye handel van goedere tussen lande aanmoedig, staan bekend as …

A binnelandse handel.
B woonbuurt.
C globalisering.
D markhandel.

1.1.3 ... is ’n sinoniem vir die vryemarkstelsel.

A Tradisionele stelsel
B Sosialisme
C Kapitalisme
D Kommunisme

1.1.4 Klein tot medium ondernemings wat nog nie by die JSE-hoofbord geregistreer is nie, kan op die … genoteer word.

A Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)
B Alternatiewe Beurs.
C Johannesburgse Effektebeurs
D Kleinsakeonderneming

1.1.5 ’n Voorbeeld van ’n aktiwiteit van die informele sektor is …

A ’n poskantoor.
B ’n bank
C om goedere op die straathoek te verkoop.
D ’n meubelwinkel.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Inflasie het die afgelope jaar met 15% gestyg. Goedere wat jy normaalweg vir R2 750 sal koop, is nou R ... werd.

A 412,50
B 2 337.50
C 3 162, 50
D 2 765

1.1.7 VPIX is die verbruikersprysindeks ... rentekoers op verbande.

A met uitsluiting van
B meer
C insluitend
D met verhoogde

1.1.8 Gelyke geleenthede en billike behandeling van arbeid word bevorder deur die …

A Wet op Arbeidsverhoudinge.
B Wet op Diensbillikheid.
C Wet op Vaardigheidsontwikkeling.
D Diensversekeringsfonds.

1.1.9 Wanneer die SARB verwag dat die inflasiekoers gaan styg, ... hy die repokoers.

A verlaag
B verhoog
C sluit in
D sluit uit

1.1.10 Die koste om geld te leen.

A Lening
B Oortrokke rekening
C Rente
D Las

1.1.11 Die potensiaal om vir ’n lang tyd op dieselfde manier in die fisieke omgewing te funksioneer:

A Ontbossing
B Bewaring
C Houtkappery
D Volhoubaarheid

1.1.12 Watter geldeenheid word deur verbruikers in Brittanje gebruik?

A Jen
B Euro
C Dollar
D Pond

Kopiereg voorbehou

1.1.13 ... koste verander namate produksie toeneem of afneem.

A Vaste
B Veranderlike
C Bedryfs-
D Geleentheids-

1.1.14 Watter van die volgende agentskappe is gemoeid met veiligheid in die werksplek?

A WVF
B WCA
C UAF
D BGV

1.1.15 Die ... is die bedrag geld wat vir arbeid betaal word wanneer daar vir ’n spesifieke tydperk gewerk word.

A loontarief
B lone en salarisse
C verdienste
D kommissie

(15 × 1) (15)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	prima uitleenkoers	A	Geïntegreerde handel tussen lande
1.2.2	likiditeit	B	Arbeid word meer as masjiene gebruik
1.2.3	direkte verhouding	C	Sentraal beheerde ekonomiese stelsel
1.2.4	portefeuljebelegger	D	Rente deur SARB op handelsbanke gehef
1.2.5	oorskot op die lopende rekening	E	Geldeenhede van ander lande
1.2.6	globalisering	F	Meet die inflasie
1.2.7	repokoers	G	Die waarde van uitvoere is meer as invoere
1.2.8	arbeidsintensief	H	Wanneer belegging in kontant omgesit kan word
1.2.9	sentrale owerheid	I	Laagste rentekoers wat banke vir hul lojale kliënte hef
1.2.10	valuta	J	Stel slegs in finansiële opbrengs op belegging belang
		K	Twee hoeveelhede wat terselfdertyd toeneem of afneem

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Vakbonde kan nie as belanghebbendes in enige onderneming beskou word nie omdat hulle stakings veroorsaak.

1.3.2 Die JSE skep beleggingsgeleenthede vir klein ondernemings.

1.3.3 'n Styging in die rentekoers verhoog verbruikersbesteding.

1.3.4 Droogte het 'n negatiewe uitwerking op enige ekonomie.

1.3.5 Die hoogste verbruik in die ekonomie is van huishoudings afkomstig.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 Die staat gebruik fiskale en monetêre beleide om die ekonomie te stabiliseer.

1.3.7 Die rol van die staat is nie belangrik in ’n gemengde ekonomiese stelsel nie.

1.3.8 Risiko van belegging lei tot ’n verlaging in die rente op kapitaal.

1.3.9 Die vervaardiging van goedere vind in die primêre sektor plaas.

1.3.10 Kontantvloei is ’n ander term vir saamgestelde rente.

(10 × 1) (10)
[35]

VRAAG 2

2.1 Veronderstel die Suid-Afrikaanse rand het met 30% teenoor die VS dollar geappresieer. Die huidige koers is $1 = R15,65. Bereken die nuwe wisselkoers.

Wys al die berekeninge. (5)

2.2 Beskryf kortliks die DRIE ekonomiese stelsels. (3 × 2) (6)

2.3 Wat noem ons die bedrag geld wat huishoudings beskikbaar het nadat belasting afgetrek is?

Watter uitwerking sal ’n verhoging in die belastingkoers op hierdie bedrag hê? (3)

2.4 Identifiseer VIER strategieë waarvolgens sakebestuurders reageer op dit wat hulle in hul omgewing waarneem. (4 × 1) (4)

2.5 Dienste word in die tersiêre sektor verskaf. Verstrek enige DRIE voorbeelde van dienste in hierdie ekonomiese sektor. (3 × 1) (3)

2.6 Noem VIER handelsbanke onder die SARB se gesag. (4 × 1) (4)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

Groot petrolprysdaling in September

Die groothandelprys van diesel sal na verwagting met ongeveer R2,30 per liter daal en die prys van verligtingsparaffien met byne R2,00 per liter.

Die prys van olie het in Maart vanjaar tot sy hoogste prys sedert 2008 gestyg, tot meer as $139 'n vaatjie, nadat Westerse lande weens sy inval in Oekraïne strafsanksies teen Rusland ingestel het.

[Vertaal uit: mg.co.za, 16 Augustus 2022]

3.1.1 Noem die hulpbronne wat in die bostaande uittreksel genoem word. (3)

3.1.2 Verduidelik kortliks waarom 'n verlaging in die petrolprys opwindende nuus vir Suid-Afrikaners sal wees. (3 × 2) (6)

3.1.3 Wat is die belangrikste rede vir die hoë petrolpryse? (2)

3.1.4 Bespreek hoe huishoudings voordeel uit die prysverlaging van die brandstofprys sal trek. (4 × 2) (8)

3.1.5 Die verandering in die brandstofprys is 'n ekonomiese aanwyser. Gee VYF ekonomiese aanwysers. (5 × 1) (5)

3.1.6 Wat is die SARB se inflasieteikenbestek? (1)

3.1.7 Onderskei tussen *suiwer ekonomiese aanwysers* en *finansiële ekonomiese aanwysers.* (2 × 2) (4)

3.1.8 Noem enige nuusmedia waar jy die bostaande storie sal aantref. (1)

3.2 Verduidelik die term *ekonomiese omgewing.* (2)

3.3 Wie is verantwoordelik vir die uitreiking van geldnote in Suid-Afrika? (2)

3.4 Definieer die term *sanksies*. (2)

3.5 Onderskei tussen *verbruikersprysindeks* en *produsenteprysindeks*. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 4

Goud bereik hoogtepunt te midde van Rusland-Oekraïne-konflik

Goudpryse nader die hoogste prys in die geskiedenis, naamlik VS$2.075.
Daar is onsekerheid oor die uitwerking van die voortslepende konflik op kommoditeitspryse en die voortdurende ontwrigtings in die voorsieningsketting. Inflasie gaan na verwagting langer hoog bly. Die goudprys bied egter steeds hoop vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.

[sVVVVVVV Vertaal uit: www.new24/fin.co.za 16 Maart 2022]

4.1 Noem VIER natuurlike hulpbronne behalwe goud wat Suid-Afrika na die res van die wêreld uitvoer. (4 × 1) (4)

4.2 Onderskei tussen *portefeuljebelegging en regstreekse belegging.* (2 × 2) (4)

4.3 Gee DRIE funksies van die finansiële markte. (3 × 1) (3)

4.4 Onderskei tussen *bulmark* en *beermark*. (2 × 2) (4)

4.5 Noem die tipe ekonomiese aanwyser wat die volgende reaksies in die ekonomie sal veroorsaak:

4.5.1 As dit afneem, sal krediet goedkoper word en verbruik toeneem.

4.5.2 Die styging sal 'n toename in die vervoerkoste veroorsaak.

4.5.3 'n Styging in die prys beïnvloed die koste van brood.

4.5.4 Alle pryse van produkte word deur 'n verandering in sy koers geraak.

4.5.5 Verbruikers word deur sy depresiasie en appresiasie geraak.

(5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 5

5.1 Lucinda van Mexiko het 'n reis na Suid-Afrika ter waarde van $15 000 gewen. Bereken hoeveel geld sy in rand teen die volgende wisselkoers sal hê:

5.1.1 $1= R14,65

5.1.2 $1 = R 16,70

5.1.3 In die geval van watter bedrag hierbo sou jy sê het die rand teenoor die dollar geappresieer? Gee redes vir jou mening.

(3 × 3) (9)

5.2 Definieer die term *koste aan wal*. (2)

5.3 Wat word met die term *gelykbreekpunt* bedoel? (2)

5.4 Waarom is dit belangrik vir bestuurders of ondernemings om 'n gelykbreekontleding te doen? (2)

5.5 Identifiseer die geldeenhede wat deur die volgende lande gebruik word:

5.5.1 Japan

5.5.2 Brittanje

5.5.3 Botswana

5.5.4 Verenigde State van Amerika

(4 × 1) (4)

5.6 Mnr Pierce, die eienaar van 'n onderneming wat meubels herstel, het besluit om vir Andrew 'n deel van die wins van die onderneming aan te bied in plaas daarvan om 'n loonverhoging te oorweeg. Bestudeer die bepalings van die ooreenkoms hier onder en beantwoord die vrae:

Produksiekoste	:	R10 per eenheid meubels
Winspersentasie	:	12%
Hoeveelheid verkoop	:	50 eenhede
Andrew se winspersentasie	:	20%

5.6.1 Bereken die verkoopsprys. (5)

5.6.2 Bereken die totale verkope. (3)

5.6.3 Werk uit hoeveel Andrew gaan kry. (3)

[30]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik kortliks die DRIE regeringsvlakke in Suid-Afrika. (6)
(3 × 2)

6.2 Identifiseer enige DRIE noodsaaklike dienste wat die staat aan sy burgers wil verskaf. (3 × 1) (3)

6.3 Onderskei tussen die konsepte *verkryging* en *tender.* (2 × 2) (4)

6.4 Wat was die Staat se doelwit met die inwerkingstelling van die Nasionale Kredietwet? (3)

6.5 Tegnologie bring veranderinge in die ekonomie teweeg. Identifiseer VIER voordele van tegnologie vir 'n onderneming. (4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

6.6 Definieer die term *arbeidsmobiliteit*. (2)

6.7 In ’n sosiopolitieke omgewing het ondernemings geen beheer oor wat om hulle gebeur nie; hulle kan slegs daarby aanpas.

6.7.1 Watter sakegeleenthede het die COVID-19-pandemie teweeggebring? (3 × 2) (6)

6.7.2 Bespreek hoe COVID-19 in vergelyking met ander pandemies die ernstigste pandemie vir die mensdom was. (4 × 2) (8)

6.8 Definieer die volgende terme:

6.8.1 *Armoede*

6.8.2 *Pandemie*

6.8.3 *Openbare mening*

6.8.4 *Sosiale diversiteit*

(4 × 2) (8)

6.9 Skryf die akroniem Asgisa (VGGI) volledig uit. (1)

[45]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou